



Laerskool Wittenberg

Posbus 501; Plet Retief; 2380
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804
Selnr. 071 604 3344
Faks: 086 517 5294
E-Pos: wittenbergadm@gmail.com
laerskoolwittenberg@gmail.com



24 Julie 2020

Geagte ouer

SKOOLSLUITING: 24 JULIE 2020

Dit is nou reeds aan almal bekend dat die skole vandag sluit.

Kortliks die volgende:

Met die aankondiging van die President gisteraand, is daar ongelukkig baie meer vrae gelos as antwoorde gegee en gevolglik is die onderwys weereens in onsekerheid gedompel. Dit gaan die Onderwys Departement, Unies en ander belanghebbendes weke vat om antwoorde op al die vrae te kry.

- Aangesien daar so baie onsekerheid is, wil ons as skool onself nie op die stadium verbind nie. Hierdie tweede kwartaal het op 15 April begin. Dit is 'n kwartaal van meer as 16 weke! Die hele personeel en van die leerlinge, veral die Graad 7-leerlinge, is werklik uitgeput en het 'n ruskans dringend nodig. Na oorlegpleging met die Beheerliggaam, het ons besluit dat ons vir 2 weke gaan sluit, dit beteken dat geen huiswerk tydens hierdie twee weke aan leerlinge gegee sal word nie. Sien die twee weke as 'n gewone vakansie. Dit gee al die belanghebbendes genoeg tyd om antwoorde op al die vrae te kry en te besluit wat nou in die onderwys en by die skole moet gebeur.
- Voorlopig begin die skool dan op Dinsdag, 11 Augustus vir Graad 7. Wat die ander grade betref is daar baie onsekerhede. Ons hoop dat ons die grade na die twee weke weer stelselmatig mag terug infaseer. Ons gaan u in die komende twee weke gedurig op hoogte hou.
- Die beheerliggaam versoek alle ouers om die kinders in hierdie tyd streng by die huis te isoleer. Dis belangrik aangesien ons graag al die leerlinge na die vakansie weer hier wil terug verwelkom.
- Let wel: Geen rapporte/verslae sal hierdie kwartaal uitgegee word nie. Ons doen 'n beroep dat ouers asseblief die assesseringstake en toetse onder oë sal kry.

Die kinders en personeel het die afgelope 16 weke baie hard gewerk en is grotendeels op datum met die werk. Baie dankie aan elke ouer wat gedurende die gredeltyd baie hard gewerk het. Ons waardeer al julle insette, positiewe gesindhede en harde werk gedurende die pandemie. Geniet die twee weke en rus goed uit!

Volgens alle aanduidings gaan die volgende paar weke maar baie rof wees. As personeel wens ons u sterkte toe en bid dat julle, saam met julle families, gesond bly.

Die personeel